Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Zane Isaacs**
Direktoraat: Eksamenadministrasie
Zane.Isaacs@westerncape.gov.za | 021 467 2924

Lêerno.: 20/3/13
Verwysing: 20250515 – 3012

Eksamenadministrasieminuut: 0006/2025

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en Hoofde van openbare en onafhanklike eksamensentrums

**Onderwerp: Finale afhaal en "opruiming" van antwoordskrifte en eksamenmateriaal vir Mei/Junie 2025 se Nasionale Senior Sertifikaat-/Senior Sertifikaat-eksamens**

1. Die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-)/Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens vir Mei/Junie 2025 sal amptelik op Woensdag, 25 Junie 2025 ten einde loop. Die koerier sal vanaf **Dinsdag, 24 Junie tot Donderdag, 26 Junie 2025** met hul finale afhaal van die antwoordskrifte van eksamens wat gedurende die laaste week van die eksamens geskryf is, begin.

2. Rekenaartoepassingstegnologie(RTT) Vraestel 1 en Inligtingstegnologie (IT) Vraestel 1 is geskeduleer om op Woensdag, 25 Junie 2025 vanaf 09:00 tot 12:00 herskryf te word. Indien die eksamen vir RTT Vraestel 1 en IT Vraestel 1 oorgeskryf word, sal hierdie antwoordskrifte deel wees van die finale afhaal en "opruiming" by eksamensentrums op 26 Junie 2025.

3. Die koerierdienste sal die antwoordskrifte vir Landbouwetenskappe Vraestel 2, wat om 14:00 (laaste eksamen) op 25 Junie 2025 geskryf word, asook enige uitstaande antwoordskrifte op Donderdag, 26 Junie 2025 vanaf 08:00 by alle eksamensentrums begin afhaal om te verseker dat die koerierdienste al 165 skole/eksamensentrums teen 12:00 bereik. Hoewel alle moontlike pogings aangewend sal word om alle antwoordskrifte en eksamenmateriaal teen 12:00 op 26 Junie 2025 af te haal, word alle skole/eksamensentrums en prinsipale versoek om die Eksamen-eenheid te help deur toe te sien dat alle antwoordskrifte en eksamenmateriaal betyds aan die koerier oorhandig word.

4. Antwoordskrifte vir Landbouwetenskappe Vraestel 2 wat vir voornasien geïdentifiseer is, sal onmiddellik na afloop van die eksamensessie vir die vraestel op 25 Junie 2025 by die geïdentifiseerde eksamensentrums afgehaal word. 'n Drywer van die koerierdiens sal by elke voornasiensentrum gestasioneer wees en gereed wees om die antwoordskrifte wat


wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 819 919 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Wes-Kaapse Onderwysdepartement

vooraf nagesien is, af te haal. Prinsipale/hoofopsieners word dringend versoek om hierdie skrifte wat vooraf nagesien is, onmiddellik aan die koerier te oorhandig.

5. Indien die koerier om enige rede laat is, word daar versoek dat die prinsipaal by die skool bly totdat die koerier die antwoordskrifte en eksamenmateriaal afgehaal het. Indien daar enige uitdagings met die finale insameling van antwoordskrifte en eksamenmateriaal sou wees, **moet** die prinsipaal die Eksamen-eenheid kontak.

6. Stuur asseblief die **elektroniese GLAM-sleutel** terug saam met al die eksamenmateriaal wat aan die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se Hoofkantoor terugbesorg moet word.

7. Maak seker dat die volgende eksamenmateriaal ingesluit is wanneer die finale afhaal en "opruiming" plaasvind:

   - Alle uitstaande punteblaaie en registers vir die beheer van skrifte: bondels antwoordskrifte en "999"- punteblaaie vir afwesigheid.
   - Alle uitstaande sitplekplanne.
   - Alle bedorwe antwoordboeke en ongebruikte antwoordboeke.
   - Alle ongebruikte eksamenskryfbehoeftes (plastiekbinnesakke, buitenste koeriersakke, omhulsels, ens.).
   - Maak seker dat GEEN ANTWOORDSKRIFTE in u skool/eksamensentrum se kluis of instapkluis agterbly nie.

8. Maak asseblief seker dat die volgende gedoen word wat die terugstuur van die elektroniese GLAM-sleutel betref:

   - Die elektroniese GLAM-sleutel en al die laaiers moet in die oorspronklike omhulsel (swart plastiekomhulsel) geplaas word.
   - Moenie die elektroniese GLAM-sleutel sonder die omhulsel terugstuur nie.
   - Die elektroniese GLAM-sleutel moet in die omhulsel, in 'n buitenste koeriersak geplaas word.

9. Dit is NOODSAAKLIK dat alle elektroniese GLAM-sleutels, uitstaande antwoordskrifte, en eksamenmateriaal teen Donderdag, 26 Junie 2025 aan die WKOD se Hoofkantoor terugbesorg word.

10. Voltooi asseblief die aangehegte vorm, "*Bevestiging van Finale Afhaal*" **(Bylae A)**, met die insameling van die laaste antwoordskrifte en eksamenmateriaal. 'n Afskrif van die voltooide vorm, "*Bevestiging van Finale Afhaal*" moet per e-pos aan exam.scripts@westerncape.gov.za gestuur word, en 'n **drukstuk moet** vir ouditdoeleindes **geliasseer word**.

11. Kom asseblief met enige van die volgende WKOD-amptenare in aanraking vir verdere navrae:

| | |
|---|---|
| (a) Zane Isaacs | 021 467 2924 |
| (b) Bronwyn Calvert | 021 467 2994 |
| (c) Mfana Dyasi | 021 467 9328 |
| (d) Kyle Ballakistan | 021 830 3814 |
| (e) Lesley-Anne Lategan | 021 467 2921 |

12. Die inhoud van hierdie minuut moet onder die aandag gebring word van alle personeellede wat verantwoordelik is vir die bestuur van Mei/Junie 2025 se NSS-/SS-eksamens by skole/eksamensentrums.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2025-06-05